

DEPARTEMENT AFRIKAANS

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Hersieningstoets
JUNIE 2020**

.....
.....

TYD: 3 HOURS / 3 URE

VAK: AFRIKAANSE TAALVAARDIGHEID (NIE-MOEDERTAAL)

PUNTE: 100

This paper consists of 11 pages, including the cover page.

Instructions / Aanwysings

- 1. Beantwoord al die vrae deeglik en met insig.**
- 2. Gee noukeurig aandag aan die puntetoekenning by elke vraag.**
- 3. Alle vrae moet in AFRIKAANS beantwoord word.**
- 4. Begin elke vraag BO-AAN 'n nuwe bladsy.**
- 5. Goeie taalgebruik en netjiese werk sal in u guns tel.**

Afdeling A - Begriplees

Vraag 1 - Artikel

Jou tiener en seksualiteit

Deur Marguerite van Wyk

Kinders raak op 'n ál jonger ouderdom seksueel aktief. Sê jy ook "nee, nie my kind nie"? Dis tyd om daaroor te praat ...


Die syfers vertel 'n skokkende verhaal ... 51% van tieners in Suid-Afrika het seks voor 15, volgens loveLife, Suid-Afrika se nasionale vigsvoorkomingsprogram vir die jeug. 20% begin al vóór 12 eksperimenteer en 41% van 14-jariges is seksueel aktief, volgens die SA Mediese Navorsingsraad se peiling oor risikogedrag by die jeug. 70% van hulle het meer as een bedmaat en slegs 29% van hulle het veilige seks - 71% gebruik nie kondome nie.

En dis maar 'n paar van die bevindings van die seksuoloog Marlene Wasserman (bekend as dr. Eve) in haar navorsing vir Dr Eve's sex book - A guide for young people.

"Die boek is baie omvattend en dek elke aspek van tieners en seksualiteit. Daar is 'n behoefte aan holistiese seksualiteitsopvoeding wat ook aandag gee aan tieners se selfbeeld en verhoudings."

Deesdae is hope seksinligting beskikbaar, veral in die media. Tog is daar in die breë nie 'n verbetering in kinders se seksualiteitsopvoeding vergeleke met 'n paar dekades gelede nie, sê dr. Eve. Soos sy dit in haar boek stel: "Bangmaak-tegnieke word steeds gebruik om tieners te keer om seks te hê. Ons vertel vir hulle hulle gaan sterf, hel toe gaan, swanger raak of 'n slegte reputasie kry as hulle seksueel verkeer."

Dit veroorsaak onnodige spanning, net omdat ouers (en onderwysers) steeds voel dis te gewaagd om met tieners oor hul seksualiteit te gesels. Dit lyk wél asof vandag se jeug baie promisku is. Al is hulle meer selfgeldend as in die verlede, het



baie kinders nie die waardesisteem of vaardighede om hul seksualiteit reg te bestuur nie.

(Blaai asseblief om.)

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.

Selfs landswette probeer tienerseks nou ontmoedig. Kragtens die nuwe Wet op Seksuele Oortredings kan tieners onder 16 wat (met instemming) seks met mekaar het, vervolg word en bv. boetes kry of by seksvoorligtingsprogramme ingeskryf word. Die sosiale klimaat is soveel anders as twintig jaar terug.

“Gesinswaardes is beïnvloed weens die hoë egskeidingsyfer en die groot getal enkelouers. Stiefpa’s, ma’s se kêrels en stiefbroers het veroorsaak dat daar meer seksuele spanning in die huise van „nuwe gesinne“ is.”

Internetpornografie, kletskamers en selfone met kameras het ook “n nuwe wêreld vir die jeug se seksfantasieë ontsluit. Talle ouers het onlangs gesidder oor koerantberigte van tieners wie se seksdaad in “n badkamer in “n winkelsentrum op “n selfoon verfilm is. Binne “n paar uur het dit as “n sg. vlog (“n video-blog) op die internet verskyn. Tegnologie het tienerseks nóg meer gekompliseerd gemaak.

Dr. Eve glo dis gevaarlik om kinders nie oor hul seksualiteit en verhoudings op te voed nie. Sy stem saam met navorsing wat wys kinders wat “n omvattende opvoeding oor seksualiteit kry, het eers later hul eerste seksuele ondervinding en is meer geneig om veilige seks te beoefen.

Haar benadering is: Moedig jou tieners aan om hulle van seks te weerhou totdat die tyd reg is. Maar doen dit op die regte manier - deur hulle genoeg inligting te gee en hulle toe te rus om goeie besluite te neem.

Bron: Sarie (Februarie 2008)

- 1.1. Op wie is hierdie artikel gemik? (1)
- 1.2. Watter funksie het die loveLife-organisasie in Suid-Afrika? (1)
- 1.3. Definieer die term “veilige seks”. (**paragraaf 2**) (1)
- 1.4. Watter beroep beklee me. Marlene Wasserman? (1)

- 1.5. Waarna verwys die woord “holistiese” in die **vierde paragraaf**? Skryf slegs die korrekte **LETTER** neer.
- A: Tieners moet oor spesifieke aspekte van seksualiteit opgevoed word.
 B: Tieners moet slegs oor sekere aspekte van seksualiteit opgevoed word.
 C: Tieners moet oor alle aspekte rondom seksualiteit ingelig word.
 D: Tieners moet self oor seksopvoeding kan besluit. (1)
- 1.6. Watter **TWEE** spesifieke aspekte oor seksualiteitsopvoeding word ook in Dr. Eve se boek bespreek? (**paragraaf 4**) (2)
- 1.7. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**? Haal uit die teks aan om jou antwoord te motiveer.
- 1.7.1. Hoë egskeidingsyfers dra nie by tot tieners se sienings rondom seks nie. (2)
- 1.7.2. Onderwysers is deesdae gewillig om met leerlinge oor seksualiteit te gesels. (2)
- 1.8. Waarom, volgens dr. Eve, is vandag se tieners meer promisku? Gee **TWEE** redes. (**paragraaf 7**) ($\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$)
- 1.9. Mag tieners wat 15 jaar oud is seksueel verkeer? Haal ’n sin uit die teks aan om jou antwoord te motiveer. ($\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$)
- 1.10. Waarna verwys die term “nuwe gesinne” in **paragraaf 9**? (1)
- 1.11. Verduidelik wat ’n “vlog” is. (**paragraaf 10**) (1)
- 1.12. Stem jy saam met dr. Eve se benadering tot seksopvoeding? Gee ’n geldige rede vir jou antwoord. ($\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$)

[16]

=====

=====

Vraag 2 – Resensie

Bestudeer die onderstaande resensie en beantwoord die vrae soos versoek. Volsinne word nie vereis nie.

Fliek: Liefli~~n~~g

Musiekrolprent

Met Bobby van Jaarsveld, Lika Berning en Elize Cawood

Regisseur: Brian Webber

A

Begin op 19 November

Ons dink: 3/5



Waaroor gaan dit?

'n Boerseun dink hy't sy vrou gekry toe hy op 'n blondine verlief raak dan daag die beeldskone Liefli~~n~~g in sy lewe op.

(Blaai asseblief om)

Wie sal hiervan hou?

As jy jou oorgee aan die voetetery-ritmes, uitgelate styl, vermetele waagmoed en drafstap-gemaklike storie, sal jy somer twee keer op hierdie nostalgiese trippie teruggaan na die goeie ou dae van die Afrikaanse musiekprent. 'n Mens vergewe die rolprent sy dun storie en die feit dat nie al die sangers kan toneelspeel nie. Dit is die oorgawe waarmee hulle sing, die aansteeklike ritme van die regisseur en die warm hart waarmee die rolprent klop wat hierdie 'n saamsing-stres-ontlaaier vir die Kerstyd maak.

Wag vir DVD?

Jy gaan dit in elk geval volgende jaar weer op DVD kyk; gaan geniet dit dus saam met jou gesin in 'n teater.

Dit is een van daardie bloospleisertjies wat 'n mens soos 'n kalorie-besmette koeksister op 'n kerkbasaar skaamteloos verorber.

Skakel jou breinselle af en vier die lekkerte van die eerste Afrikaanse musiekrolprent in 30 jaar met blosende wange.

Bron: Huisgenoot (5 November 2011)

- 2.1. Volgens watter **genre** word die film geklassifiseer? (1)
- 2.2. Watter tipe kyker sal van hierdie film hou? (**Jy mag nie uit die teks aanhaal nie.**) (1)
- 2.3. Watter **kritiek** lewer die resensent omtrent die akteurs in die film? (1)
- 2.4. Verduidelik wat die resensent met “bloosplesiertjies” bedoel. (2)
- 2.5. Verskyn daar gereeld Afrikaanse musiekrolprente? **Haal uit die teks aan om jou antwoord te motiveer.** (2)
- 2.6. Wat beteken die letter “A” in die subtitel. Verduidelik. (1)
- 2.7. Wie vertolk die **hoofrol** in die film? (1)
- 2.8. Dink jy hierdie rolprent sal ’n Oscar kan wen? Gee ’n goeie rede vir jou antwoord. (1)

Vraag 3-Strokiesprent

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die vrae.



(Bron: *Die Burger*, 6 Augustus 2011)

- 3.1. Waarvan beskuldig die skoolhoof vir Boetie Botha? (1)
- 3.2. Wat is Boetie se ouers se rede waarom Boetie onskuldig is? (1)
- 3.3. Aan watter sportsoort neem Boetie deel? (1)
- 3.4. Watter **beroep** beklee die man wat **agter** die lessenaar sit? (1)

[4]

Afdeling B – Taalleer (Woordstrukture) Vraag 4

Teken die volgende tabel in jou antwoordboek. Gee telkens die **meervoud- en verkleiningsvorm** vir die volgende woorde:

4.1. besigheid			(1)
4.2. mandjie			(1)
4.3. pad			(1)
4.4. ma			(1)
4.5. verskoning			(1)

[5]

=====

Vraag 5

Gee die **trappe van vergelyking** vir die volgende woorde:

- 5.1. opgewonde (1)
- 5.2. goed (1)
- 5.3. selde (1)
- 5.4. kwaad (1)
- 5.5. vroeg (1)

[5]

=====

Vraag 6

Gee die **intensiewe vorm** vir die volgende woorde:

- 6.1. goed (1)
- 6.2. mooi (1)

- 6.3. swaar (1)
- 6.4. verlief (1)
- 6.5. gek (1)
- 6.6. wyd (1)
- 6.7. ryp (1)
- 6.8. af (1)
- 6.9. mak (1)
- 6.10. snel (1)

[10]

=====

= Vraag 7

Kies telkens die korrekte betreklike of persoonlike voornaamwoord tussen hakies.
Skryf slegs die antwoord neer.

- 7.1. Die man (**wie / wat**) daar loop, is 'n baie hardwerkende persoon. (1)
- 7.2. Die beursie (**wat + in**) ek my geld bêre, is by die winkel gesteel. (1)
- 7.3. (**Hy / Sy**) naam is Andrew Molefe. (1)
- 7.4. Die meisie het (**sy / haar / hare**) kam in haar handsak gesit. (1)
- 7.5. Die seun (**wat / wie**) se hond weggeloop het, is baie hartseer. (1)
- 7.6. Ek kan nie (**sonder + dit**) eksamen skryf nie. (1)
- 7.7. U is welkom om (**jou / u**) baadjie aan die kapstok op te hang. (1)
- 7.8. Die renoster (**wie / wat**) daar loop, is onthoring. (1)
- 7.9. Die saak (**wat + voor**) sy haarself beywer, is nutteloos. (1)
- 7.10. Ek is gewoond (**aan + dit**) dat my ma met my raas. (1)

[10]

=====

= **Afdeling C – Sinstrukture**

Vraag 8

Skryf die volgende sinne in die **ontkennende of negatiewe** vorm:

- 8.1. Professor Crous vergeet altyd sy klasaantekeninge by die huis. (1)
- 8.2. Het Fort Hare 'n pragtige kampus in Oos-Londen? (1)
- 8.3. Hou jy daarvan om Wiskunde op universiteit te bestudeer? (1)
- 8.4. Het jy al ooit 'n kameelperd op kampus gesien? (1)
- 8.5. Staan asseblief dadelik op wanneer die vlag gehys word. (1)

[5]

=====

= **Vraag 9**

Skryf die volgende sinne in die **lydende** vorm:

- 9.1. Die dosent het eergister vinnig haar hare in die kantoor gekam. (1)
- 9.2. Professor Nkrumah sal volgende jaar 'n kongres in Amsterdam bywoon. (1)
- 9.3. Lees die voorgeskrewe boek! (1)
- 9.4. Sy het die eerste prys in die Fakulteit gewen. (1)
- 9.5. Die studente moet elke dag huiswerk in die biblioteek doen. (1)

[5]

=====

=

Vraag 10

Skryf die volgende sinne in die **indirekte rede**:

- 10.1. Mnr. Koen het gesê: “Julle is die fluksste studente wat ek nog ooit gehad het.” (1)
- 10.2. Georgina vra: “Waarom is die eksamenvraestel so maklik?” (1)
- 10.3. Sakhumzi het gevra: “Hoekom moet ons soveel teorie vir die eksamen leer?” (1)
- 10.4. Jonathan sê: “Ek gaan die beste kwartaalpunt in die toets behaal.” (1)
- 10.5. Robin het gesê: “Ons is die slimste klas by die universiteit.” (1)

[5]

Vraag 11

Verbind die volgende sinne met die **voegwoord** in hakies:

- 11.1. Luzandrea en Zimasa studeer saam. Hulle is beste vriende. **(want)** (1)
- 11.2. Lerato gooi haar boek teen die muur. Sy is kwaad vir die bure. **(aangesien)** (1)
- 11.3. Damian is kwaad vir Nicole. Hy ignoreer haar in die klas. **(daarom)** (1)
- 11.4. Tiffany lees 'n nuwe roman. Sy is gelukkig. **(derhalwe)** (1)
- 11.5. Mahlaku het die lotery gewen. Sy is ongelukkig. **(dog)** (1)

[5]

Vraag 12

Skryf die volgende sinne in die **verlede tyd** sowel as in die **toekomende tyd**:

- 12.1. Die studente luister graag na 'n interessante lesing by die universiteit.
- 12.1.1. **Gister ...** (1)
12.1.2. **In die toekoms ...** (1)
- 12.2. Die man wil sy splinternuwe motor was en poleer.
- 12.2.1. **Eergister ...** (1)
12.2.2. **Oor twee dae ...** (1)
- 12.3. Ek hoor die leeu brul en die olifant trompetter.
- 12.3.1. **Laas jaar ...** (1)
12.3.2. **Volgende jaar ...** (1)
- 12.4. Ek slaap en werk in my koshuiskamer.
- 12.4.1. **Drie maande gelede ...** (1)
- 12.4.2. **Binnekort ...** (1)
- 12.5. Julle word onderwysers.
- 12.5.1. **Laas maand ...** (1)
12.5.2. **Môre ...** (1)

[10]

=====

Vraag 13

Skryf die volgende sinne in die **korrekte woordorde**. Begin elke sin met die vetgedrukte woord:

- 13.1. (om goeie punte te behaal)(sy)(het)(**in die verlede**)(baie hard)(gewerk)
(by die universiteit) (1)

- 13.2. (**Jakobus**)(om die taak in te handig)(gisteraand laat)(het)(in die biblioteek)
(gewerk) (1)
- 13.3. (môre)(Mantombi)(’n nuwe rok)(by die winkel)(sal)(koop)(vinnig)
(**om mooi te lyk vir die troue**) (1)
- 13.4. (**gou-gou**)(Peter)(weggesteek)(het)(die sigarette)(laas week)(in die kas) (1)
- 13.5. (**die student**)(studentekaart)(vergeet)(haar)(by die huis) (1)

[5]

=====

Vraag 14

Bestudeer die onderstaande sin. Identifiseer die sinsdele soos versoek. Skryf slegs die antwoord neer.

Jan van Tonder gaan volgende week sy stout sussie se hond vinnig veearts toe neem om sy gebreekte been te laat spalk.

- 14.1. Infinitief (1)
- 14.2. Onderwerp (1)
- 14.3. Bywoord van tyd (1)
- 14.4. Voorwerp (1)
- 14.5. Bywoord van wyse (1)

[5]

=====

GROOTTOTAAL: [100]

EINDE VAN DIE VRAESTEL

Bladsy

(Blaai asseblief om.)